UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 3. DIE ONTWERP VAN 'N KERKGEBOU VIR DIE CHRISTELIJK GEREFORMEERDE GEMEENTE HIJUM, 1876

Nadat Sytze Wopkes Wierda in 1873 en die jaar daarna betrokke was by die ontwerp van 'n kerkgebou in Zaandam en 'n „Evangelisatiegebouw" in Tilburg, het die derde versoek in 1876 gekom vir die ontwerp van 'n kerkgebou vir die Christelijk Gereformeerde Gemeente Hijum in die provinsie Friesland.

Aangesien die gemeentelike argiefstukke ten opsigte van die tydperk voor 1885 ontbreek, is dit nie moontlik om selfs kortliks aandag aan die bougeskiedenis van die Hijumse kerkgebou te gee nie.[25]

Die plan is deur Sytze Wierda saamgestel toe hy in 1876 hoofopsigter was by die aanleg van die staatspoorweg in Amsterdam.

Die aanbesteding vir die bou van die kerkgebou met 'n toring het in Februarie 1877 plaasgevind.[26]

Wie die bou-aannemers was, is nie bekend nie. Die bouwerksaamhede het egter in die eerste kwartaal van 1877 in so 'n mate gevorder dat die hoeksteen op 10 April 1877 deur ds. J.H. van der Ligte gelê kon word.[27]

Die plan van die kruiskerk het voorsiening gemaak vir kerkbanke wat vir ongeveer 180 kerkgangers sitplek kon bied. Die galery wat tans in die kerkgebou is, is 'n toevoeging uit 'n latere tydperk.

Die pastorie wat tans langs die verkeersweg en voor die kerkgebou staan sowel as die kosterwoning agter die kerkgebou, is albei op 'n latere stadium opgerig en of Sytze Wierda dié twee geboue ook ontwerp het, kan nie met sekerheid gesê word nie.

Die kerkgebou is in 1958 gerestoureer wat 'n aantal inwendige veranderings tot gevolg gehad het.[28]

---

Kerkgebou, Hijum: Lengte=deursnede (bo) en Kerkgebou, Emlichheim: Sy-aansig, ens. (onder).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4. DIE ONTWERP VAN 'N KERKGEBOU EN PASTORIE VIR DIE CHRISTELIJK GEREFORMEERDE GEMEENTE ALMKERK-NIEUWENDIJK, 1877

Die vierde ontwerp van 'n kerkgebou vir 'n gemeente van die Christelijk Gereformeerde Kerk, was een vir die Almkerk-Nieuwendijk gemeente. Die uitnodiging aan Sytze Wierda om 'n ontwerp vir 'n kerkgebou vir dié Noord-Brabantse gemeente te maak, was te danke aan die tussenkoms van ds. D.K. Wielenga, wat tot in Oktober 1873 predikant in Amsterdam was, met wie Sytze Wierda dáár kennis gemaak het en wat ook kennis gedra het van sy ontwerpe van kerk- en ander geboue in Amsterdam en Zaandam.

i. Agtergrond en bougeskiedenis


Die Christelijk Gereformeerde Gemeente Almkerk-Nieuwen=dijk, waarvoor Sytze Wierda in 1877 'n kerkgebou en pastorie ontwerp het, het op 26 Julie 1873 met ongeveer 700 siele as 'n selfstandige gemeente uit die gemeente van Emmikhoven en Almkerk ontstaan.[29] Laasgenoemde was een van die talle Christelijk Afgescheidene Gereformeerde gemeentes wat vanaf sy ontstaan in 1835 onder leiding van ds. G.F. Gezelle Meer=burg, 'n bewoë geskiedenis deurgemaak het.

In die veertigerjare, na die troonsbestyging van koning Willem II, toe omstandighede vir die Afgeskeie Kerk gunstiger geword het, het die woonhuis en skuur van Jan den Dekker aan die Nieuwendijk die plek van samekoms geword waar ds. Meerburg tot met sy oorlye in Desember 1855 die evangelie verkondig het.[30] Dié „kerkschuur" waarin aanvanklik kerk gehou is, is later, tydens die bediening van ds. N.H. Dosker (1856-1862) vervang deur 'n kerkgebou wat saam met die pastorie in die tuin langs die teenswoordige, mooi geleë predikantswoning gestaan het.[31] Die ou pastorie en kerk=gebou het as sodanig diens gedoen tot ná die voltooiing van die nuwe kerkgebou en pastorie in 1878, toe dit gesloop is.

Op die Sondag voor die vertrek van ds. J. Bavinck na Kampen op 27 Julie 1873, is ds. D.K. Wielenga, van Amsterdam,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beroep. Die bevestiging van die predikant met wie Sytze Wierda in Amsterdam kennis gemaak het, het op 19 Oktober 1873 plaasgevind, en tydens sy bediening van die gemeente was daar tekens van groei en vooruitgang op elke terrein van die gemeentelike lewe merkbaar.[32] In Augustus 1875 is be= sluit „tot aankoop van de pastorie en tuin, beide grenzende aan de Kerk tegen f 1 000,-", nadat oudl. Arie den Dekker en sy eggenote, Amelia den Dekker, die waardevolle en mooi geleë perseel teen 'n uiters billike bedrag aan die kerkraad te koop aangebied het.[33]

'n Jaar na die kerkraadsbesluit tot aankoop van die pastorie en tuin van oudl. Arie den Dekker, het die kerkraad die „bouwen van een nieuw Kerk en pastorie" bespreek. Daarna het die manslidmate bymekaar gekom om verder oor die kwessie van kerk- en pastoriebou te handel.

In die kerkraadsnotule kom daar geen verdere verwysings voor in verband met die aanwysing van 'n argitek, die aan= besteding en die vordering met die bouwerk voor 19 September 1878 nie. Dit is egter bekend dat Sytze Wierda deur die tussenkoms van ds. D.K. Wielenga opdrag ontvang het om, op die voetspore van dergelike opdragte aan hom deur die kerkrade van Zaandam en Hijum, en die Klassis Genderen, ook vir die Christelijk Gereformeerde Gemeente Almkerk-Nieuwendijk 'n kerkgebou en pastorie te ontwerp.

Die ontwerp van die „regthoekig gebouw", tesame met die „bestek en voorwaarden" was in 1877 gereed.

Die hoofafmetings van die kerkgebou, „buitenwerks boven de plint gemeten", was 12,58 meter breed en 22,29 meter lank. Die gebou, benewens die voorsprong van die toring, het ook 'n portaal agter die voorgewel bevat, waarbo die orreltribune aangebring is, terwyl die kerkameublement in die res van die kerkruimte ingedeel is. Die bestaande preekstoel, sou her= stel en gerestoureer, na die nuwe kerkgebou oorgeplaas word.

Terwyl die argitek die boukoste op 18 300,- gulden bereken het, is die tender van die firma De Jongh, van Werkendam,

---

Kerkgebou, Nieuwendijk (bo) en Kerkgebou, 's-Hertogenbosch: Plattegrond en vooraansig (onder).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vir 18 600,- gulden aanvaar.

Volgens die tydsbepaling moes die bouwerk in sy geheel finaal voor of op 1 Desember 1877 afgelewer gewees het.[35] Daar het egter vir een of ander rede 'n vertraging met die voltooiing van die kerkgebou ingetree. Die hoeksteen is eers ongeveer 'n jaar later, op 18 Maart 1878, deur oudl. A. den Dekker gelê.[36]

Op 19 September 1878 was die „Kerk zoo goed als gereed". Op dieselfde kerkraadsvergadering het dit blykens 'n mede=deling van „kerkemeester", oudl. A. den Dekker, aan die lig gekom dat die boukoste van die kerkgebou op daardie stadium met „een niet onbelangrijke som boven de oorspronke=lijke raming is gegaan". Om voorsiening te maak vir die hoër boukoste, is 2 400,- gulden in die loop van 1878 uit die kerkkas betaal.[37]

Die inwyding van die hooggeleë, netjiese en doelmatige nuwe kerkgebou, wat met sy slanke toring hoog bo die omlig=gende landelike omgewing uitgetroon het, het op 30 Oktober 1878 onder leiding van ds. Wielenga plaasgevind.[38]

ii. Die pastorie en konsistorie

Terwyl die kerkgebou in September 1878 feitlik voltooi was, is die verlange deur die kerkraad uitgespreek dat daar ook met die bou van die pastorie, wat ook deur Sytze Wierda ontwerp is, „voortgang dient gemaakt te worden". Waar die boukoste van die kerkgebou uiteindelik bokant die oorspronk=like kosteberekening van die argitek sou gaan, was „dit vol=gens de door de architect ingeleverde begrooting ook het geval met de pastorie". Oudl. Den Dekker het hom bygevolg „eenigsins bezwaard gevoelt om de hooge kosten". Hy het egter van die kerkraad toestemming gekry om „voort te gaan naar de wijsheid die in hem is."[39]

Benewens die pastorie, waarvan die bouwerk ook in 1878 'n aanvang geneem het, het die konsistorie, wat in die ontwerp van Wierda - soos ook in die geval van die Hijumse

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kerkgebou - ontbreek het, in 1896 op die terrein tussen die kerkgebou en die pastorie tot stand gekom.[40]

iii. Vergroting van die kerkgebou

In 1890 het die kerkraad besluit om 'n galery in die kerkgebou aan te bring waardeur daar vir ongeveer 100 bykomende sitplekke voorsiening gemaak sou kon word. Die galery het in 1891 gereed gekom.

'n Ingrypende verbouing van die kerkgebou het in 1909 onder leiding van die bekende Amsterdamse argitek, Tjeerd Kuipers, tot stand gekom. Die agtermuur van die kerkgebou is teruggeplaas en twee sygewels bygebou. Die oorspronklike kerkruimte het egter feitlik onveranderd deel gebly van die vergrote kerkgebou. Volgens die ontwerp van Tjeerd Kuipers het daar in 1909 'n ruim kruiskerk tot stand gekom. Vanaf die inwyding op 25 Desember 1909 het die gemeente oor oor= vloedige ruimte in die vergrote kerkgebou beskik.[41]

## 5. DIE ONTWERP VAN 'N KERKGEBOU VIR DIE CHRISTELIJK GEREFORMEERDE GEMEENTE, BAARN, 1880

Baarn is die dorp waar 'n verskeidenheid van geboue volgens die ontwerpe van Sytze Wierda in die sewentiger- en tagtigerjare opgerig is, terwyl hy ook sonder sukses deel= geneem het aan prysvrae vir die ontwerp van Baarnse skool- en ander geboue. 'n Pastorie, skoolgebou, onderwysinstituut, onderwyserswoning en villas wat volgens sy ontwerpe opge= rig is, en waarvan sommige vandag nog in gebruik is of bewoon word, maar veral „de op het Koninklijk Domein gebouwde protestantse kerk .... de Gereformeerde Kerk aan de Oude Utrechtseweg",[42] hou die nagedagtenis van Sytze Wierda in Baarn voortdurend in herinnering.

i. Die ontstaan van 'n nuwe gemeente

Die Christelijk Gereformeerde Gemeente Baarn is op Woensdag, 25 Mei 1876, gestig, 'n kerkraad gekies en in hul onderskeie ampte bevestig onder leiding van 'n kommissie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uit die Klassis Amersfoort van die Christelijk Gereformeerde Kerk. Op 30 Mei is die eerste kerkraadsvergadering gehou. Op daardie stadium het die nuwe Christelijk Gereformeerde gemeente egter 'n voorgeskiedenis van bykans 'n kwarteeu agter die rug gehad.[43]

ii. Die bou van 'n pastorie

Die bou van 'n pastorie met die oog op 'n beroep van 'n predikant vir die nuut-gestigte Christelijk Gereformeerde Gemeente Baarn, het uit die aard van die saak spoedig voor= rang by die kerkraad geniet. Reeds op 15 Januarie 1877 het die lede van die kerkraad onderneem om „hun best te doen tot het verkrygen van rentelooze aandeëlen tot het bouwen van een pastorie." Die onderneming deur die kerkraadslede is nagekom en tot so 'n mate met sukses bekroon dat daar in September 1878, blykens die kerkraadsnotule, voldoende fondse beskikbaar was om met die bou van die pastorie voort te gaan.

Intussen is ywerig, eendragtig en met offervaardigheid gewerk vir die bereiking van die ideaal om 'n pastorie teen 'n bedrag van ongeveer 4 000,- gulden te bou.

Reeds op 25 September 1877 het die kerkraad besluit „om bij ZKH Prins Hendrik aanvraag te doen om grond voor het bouwen der Pastorie". Danksy die goeie verstandhouding en omgang tussen Prins Hendrik en sy bosbaas, Samuel de Zoete, kon vier maande later, op 29 Januarie 1878, die transport= akte vir die oordrag van die pastorie-erf op die naam van die gemeente gepasseer word. Daaruit het geblyk dat die grond vir pastorieboudoeleindes in erfpag uitgegee is. Vroeg in 1884 het die kerkraad die erfpaggrond vir die pas= torie en kerkgebou - waarvoor daar intussen ook grond langsaan die pastorie-erf verkry is - „vrijgekocht (is) @ 3% der erfpacht voor 2 533,33,- gulden behalve de onkosten."[44]

Ofskoon die ontwerp van die dubbelverdieping pastorie nie in die kerkraadsnotule vermeld word nie, is dit bekend dat die ontwerp en bestek daarvan deur Sytze Wierda gemaak is. Die tender vir die bou van die pastorie is aan

---

Kerkgebou, Baarn.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



H. Sweris gegun en is vermoedelik kort voor die beroep van 'n predikant, op 8 Julie 1879 voltooi. Toe die predikant op 19 Augustus 1879 die beroep na Baarn aangeneem het, was die pastorie gereed om die predikant en sy gesin te ontvang.

Ten tyde van die koms van ds. A.H. Gezelle Meerburg na Baarn in Augustus 1879 is die pastorie beskryf as „'n vorstelijke woning" in vergelyking met die „plaats der samenkomst", terwyl ds. Meerburg self na die pastorie verwys het as „zoo solied en daarbij zoo degelijk en tevens zuinig daar de financien der gemeente gering waren, geschied...."[45]

Die pastorie, wat nou al bykans 'n eeu in gebruik is, het grotendeels nog dieselfde voorkoms soos in die tyd waarin dit voltooi is. Die tweeverdiepinghuis gee tans nog die indruk van 'n netjiese, stewiggeboude woning. Die voordeur is effens na vore gebou, terwyl die vertrek aan die linkerkant van die pastorie, sowel as een agteraan die gebou, op 'n latere stadium bygevoeg is. Die dak bokant die kroonlys is ook effens gewysig.

iii. <u>Die koms van ds. A.H. Gezelle Meerburg na Baarn</u>

Terwyl die pastorie sy voltooiing genader het, is eers deur die kerkraad op 8 Julie 1879 en daarna op 24 Julie deur die gemeentevergadering, onder leiding van ds. Visser, van Amersfoort, konsulent van die Baarnse gemeente, met eenparige stemme besluit om ds. A.H. Gezelle Meerburg, van Almkerk, te beroep as die eerste vaste predikant van die Christelijk Gereformeerde Gemeente te Baarn. Nadat ds. Meerburg die beroep op 19 Augustus 1879 „tot groot blijdschap der gemeente" aangeneem het, is hy op 16 November van dieselfde jaar deur sy broer, ds. G.A. Gezelle Meerburg, van Sleeuwijk, in die klein oorvolle kerkgeboutjie bevestig, terwyl hy dieselfde aand sy intreepreek gehou het. Aangesien daar eers mettertyd 'n orrel vir begeleidingsdoeleindes aangeskaf is, het Johannes van Koesteren by dié en ander geleenthede as voorsanger opgetree.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die „vriendelijke verschijning" van ds. Meerburg, sy „innemende persoonlijkheid" en die „roep zijner prediking", het daartoe gelei dat daar reeds in die loop van die volgende maand 'n toenemende behoefte aan meer sitplekke in die een=voudige kerkgeboutjie ontstaan het en daar besluit is om „op 2n Kerstdag de plaatsen in het Kerkgebouwtje openbaar te verhuren". Toe dit teen die einde van Januarie 1880 geblyk het dat die toehoorders algaande groter geword het en die beperkte ruimte van die kerkgeboutjie die belang=stelling nie meer kon bevat nie en daar op daardie stadium „aan het bouwen van een nieuwe Kerk in geen geval zoo spoe=dig kon begonnen worden", is besluit om so goedkoop moontlik 'n verlengstuk aan die kerkgeboutjie aan te bring sodat daar deur die aanbouing ongeveer sestig ekstra sitplekke vir ver=huring beskikbaar kon word.

iv. <u>Die ou „kerkgebouwtje"</u>

Nadat die eerste „oefeningen" aanvanklik in die woning van Jan Mook in Leestraat Nr. 26 plaasgevind het, het 'n einde daaraan gekom toe die huis 'n nuwe eienares, wat Jan Mook en sy geesgenote nie goedgesind was nie, gekry het. Brulleman en De Zoete het toe reëlings getref vir die oprig=ting op hul koste van „een eigen eenvoudig gebouwtje" in Leestraat Nr. 36 en die inrigting daarvan tot 'n kerkgeboutjie.

Die eerste kerkgeboutjie was 'n heel eenvoudige vier=kantige kerksaaltjie sonder 'n konsistorie. By die aanvang van die erediens het die kerkraadslede saam met die kerk=gangers by die voordeur ingegaan en reguit na hul onderskeie kerkraadsbanke gegaan, terwyl die predikant ook die preek=stoel deur die voordeur bereik het. Die sober preekgestoel=te het teen die agtermuur gestaan met die kerkraadsbanke aan weerskante daarvan. Die kerkruimte was met stoele beset, waar meer geplaas kon word nadat die voor- en verlengstuk, wat van hout gemaak is, vroeg in 1880 aangebring is.

Dit was in hierdie „kleine Kerkgebouwtje" waarin die bevestiging van ds. A.H. Gezelle Meerburg op 16 November 1879

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



plaasgevind het en wat binne enkele weke na die koms van die nuwe predikant te klein geword het vir die belangstel= lende toehoorders. Toe die welsprekendheid en eenvoudige maar fris prediking van ds. Meerburg rugbaar geword het, het selfs vooraanstaande en deftige inwoners van Baarn met hul rytuie na die eredienste in die eenvoudige kerkgeboutjie gekom en saam aanbid met die gemeentelede, waarvan die merendeel tot die ambagstand behoort het.

v. <u>Die oprigting van 'n nuwe kerkgebou</u>

Dit is opmerklik dat die kerkraadslede op 27 Januarie 1880 van opinie was dat „aan het bouwen van een nieuwe Kerk in geen geval zoo spoedig kon begonnen worden" en op die= selfde vergadering reëlings getref het vir die vergroting van hul eenvoudige kerkgeboutjie in Leestraat Nr. 36. Skaars 'n maand daarna het die kerkraad egter aandag gegee „aan het verkrygen van geld tot bouwen eener nieuw Kerk" en voorts besluit om sonder versuim 'n aanvang te maak met die insameling van fondse vir boudoeleindes. Met die werk van insameling van bydraes en die verkryging van aandele vir die kerkboufonds met die oog op „het bouwen eener nieuwe Kerk" is daarna ywerig en doelgerig voortgewerk deur die kerkraad en bygestaan deur twee susters van die gemeente, mevv. Brulleman en Gros Maager.[46]

vi. <u>Die bouterrein vir die kerkgebou</u>

Na die verkryging van die pastorie-erf in erfpag in Januarie 1878 en terwyl die insameling van 'n pastoriebou= fonds aan die gang was, het die kerkraad, bygestaan deur bos= baas De Zoete as tussenganger, die vrymoedigheid geneem om 'n stuk grond vir kerkboudoeleindes in erfpag te kry van Prins Hendrik, broer van koning Willem III, en wat bekend gestaan het as „een zeer vriendelijk, welwillend en goed man". As gevolg van die afsterwe van prins Hendrik op 14 Januarie 1879 kon die grondtransaksie egter nie betyds gefinaliseer word nie en het daar bygevolg 'n vertraging in die verkryging van grond vir kerkboudoeleindes deur sy dood ontstaan.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kragtens 'n akte wat op 23 Junie 1880 voor notaris Cambier van Nooten gepasseer is, word daarin, onder andere, verklaar: „in erfpacht te geven aan de Christelijk Gerefor= meerde Gemeente te Baarn, een perceel hakbosch, gelegen onder de Gemeente Baarn, groot 30 aren en belend ten noorden en westen van het domein Soestdijk, ten oosten van erfpacht= goed van gemelde Chr. Ger. Gemeente - d.w.s. die pastorie= terrein - en ten zuiden der publieke weg, welke uitgifte in erfpacht geschiedt voor den tyd van 30 achtereenvolgende jaren, aanvangende den eersten Mei j.l. tegen betaling van een jaarlijksche erfpachtsom van 50,- gulden". Artikel 3 het bepaal: „de grond wordt uitsluitend in erfpacht afgestaan om daarop het Kerkgebouw der Christelijke Gereformeerde te stichten, waarvan bevorens de tekening van de Hooge Grond= eigenaren ter goedkeuring moet worden aangeboden. Zoolang de goedkeuring der teekening niet is verkregen mag er niet tot het bouwen worden overgegaan, terwyl by afkeuring der teekening eene andere ter goedkeuring moet worden aangeboden."

Die bouterrein van die kerkgebou, wat beskrywe is as „Kadestraal, Sectie B, nommers 3252, 3253 en 3254 ten grootte van 48 aren en 75 centaren" is op 11 Februarie 1884 in volle eiendom aan die Christelijk Gereformeerde Gemeente te Baarn oorgedra. Kort daarna vermeld die kerkraadsnotule: „De Kerkraad heeft de erfpachtsgronden van pastorie en Kerk vrij gekocht @ 3% der erfpacht dus voor 2 533,3,- gulden behalve de kosten".[47]

vii. <u>Versoek aan Sytze Wierda om ontwerp vir die nuwe kerkgebou te maak.</u>

Oor die presiese datum waarop Sytze Wopkes Wierda deur die kerkraad gevra is om 'n ontwerp vir die nuwe kerkgebou te maak, asook oor ander aspekte van die verloop van die ontwerp- en bougeskiedenis, word geen gegewens in die notule= boek van die kerkraad of elders aangetref nie. Die aan= vanklike uitnodiging aan argitek Wierda om 'n bouplan saam te stel en 'n bestek met kostebegroting voor te berei, het blykbaar geskied ná die kerkraadsvergadering van 23 Februarie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1880, waartydens daar gepraat is oor die „verkrijgen van geld tot bouwen eener nieuw Kerk", en geruime tyd vóór die kerkraadsvergadering van 9 September 1880. Op laasge= noemde vergadering is in herinnering geroep dat die kerkraad op daardie stadium reeds geruime tyd besig was met die insameling van bydraes en werwing van aandele „tot het bouwen eener nieuwe Kerk". Dan word voorts verwys na die sukses wat in die voorgaande tyd met die insameling van die boufonds behaal is en bygevoeg: „Weshalve de Kerkraad de Heer Wierda verzocht heeft een bestek en teekening te ver= vaardigen. De som der begrooting is 15 000,- gulden."

Daar moet in gedagte gehou word dat daar in die akte van 23 Junie 1880, waarkragtens die bouterrein aan die gemeente afgestaan is, 'n bepaling voorgekom het wat bepaal het dat die argitekstekening van die nuwe kerkgebou eers vir goed= keuring aan die „Hooge Grondeigenaren" voorgelê sou moes word en dat daar nie met die bouwerk aangegaan mag word al= vorens die ontwerp goedgekeur is. Indien die ontwerp af= gekeur sou word, moes 'n tweede tekening vir goedkeuring deur die kerkraad aangebied word.[48] Die moontlikheid bestaan dus dat Wierda omstreeks Julie 1880 gevra kon gewees het om 'n ontwerp vir die nuwe kerkgebou te maak, dat hy bewus was van die bepalings van die akte, en dat die ontwerp waar= skynlik reeds aan die begin van September voltooi was en vir formele goedkeuring aan die „Hooge Grondeigenaren" en die kerkraad voorgelê is.

Die totstandkoming van die soliede en deeglike pastorie teen 'n betreklike lae boukoste, wat Wierda in 1879 vir die Baarnse gemeente ontwerp het, het soveel tevredenheid aan die gemeentelede en pastoriebewoners gegee „dat de Kerkeraad en gemeente niemand anders verkozen toen er behoefte was aan een Kerkgebouw."[49] Daarbenewens was die kerkraad ook op hoogte van die feit dat argitek Wierda op daardie stadium reeds vir hom 'n naam as ontwerper van kerk- en ander soorte geboue, veral in die kring van die Christelijk Gereformeerde Kerk„gemaak het. Daarby het ook nog gekom dat ds. A.H.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gezelle Meerburg eerstehandse kennis gedra het van kerkgeboue, pastorieë, woonhuise en skoolgeboue wat volgens die ontwerpe van Sytze Wierda in Tilburg, Almkerk-Nieuwendijk en in ander dorpe en stede in Nederland opgerig is. Uit die aard van die saak sou sy leiding aan die kerkraad by die aanwysing van 'n argitek, van wie se vakkundige bekwaamheid en persoonlike hoedanighede hy goed op hoogte was, beslissend en deurslaggewend gewees het.

Na die aanname van die tender van bou-aannemer Spoor, is die bouwerk voortgesit totdat die aannemer hom as gevolg van geldelike probleme, noodgedwonge moes onttrek. Deels as gevolg van die tydelike staking van bouwerksaamhede en deels as gevolg van onprofessionele optrede van die bou-aannemer, het die finale boukoste die begrotingskoste sowel as die tenderbedrag, aanmerklik oorskry. Desondanks is daar vanaf Oktober 1880 met verrassende snelheid gewerk en was die bouwerk in Junie 1881 afgehandel.

Die nuwe kerkgebou is op Woensdagaand, 22 Junie 1881, in gebruik geneem by wyse van 'n inwydingsrede deur ds. A.H. Gezelle Meerburg na aanleiding van Ex. 20:24b: „Aan alle plaats, waar Ik Myns Naams gedachtenis stichten zal, zal Ik tot u komen, en zal u zegenen." Die plegtigheid en belangrike gebeurtenis in die geskiedenis van die jong gemeente is deur ds. Geuchies, van Bunschoten, met 'n kort toespraak en dankgebed gesluit.

Gedurende die bou van die nuwe kerkgebou het die gemeente in sy ou kerkgebou vergader maar die katkisasie is deur ds. Meerburg in die woonhuis van Jan Mook gehou.[50]

viii. <u>Die nuwe kerkgebou</u>

Die suiwer simmetriese grondplan van die nuwe kerkgebou het die gedagte van die oud-Griekse kruis - ook bekend as die Andreas-kruis - weergegee. In plaas van 'n ronde koepeldak met 'n toring wat, volgens die eerste ontwerp, oor die sentrale gedeelte van die kerkgebou geplaas is,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het die voltooide gebou 'n hoë, slanke en bevallige toring aan die voorkant, bokant die hoofingang - vervaardig en opgestel deur diaken Ubbink, van Soest - gekry. Die kon= sistorie of „kerkekamer" is aan die agterkant van die kerk= gebou geplaas. Op die voetstuk van die regterpilaar by die hoofingang is op die „eerste steen" die volgende bewoor= ding aangebring: Ds. H.A. Gezelle Meerburg, 21 October 1880. Op 'n ronde raam binne 'n halwe boog bokant die hoofingang, gedra deur twee sierlike, wit Korinthiese suile, word die Engelesang soos dit in die Evangelie na die beskrywing van Lukas voorkom, in duidelike hoofletters weergegee: EERE ZIJ GODT IN DE HOOGHSTE HEMELEN. ENDE VREDE OP AERDEN IN DEN MENSCHEN EEN WELBEHAGEN.

In hierdie bewoording in die ronde raam bokant die hoofingang beluister ons onwillekeurig die „Soli Deo Gloria/ Aan God die eer" van die Calvinisme.

In die boonste loge van die toring bokant die ingangs= portaal is voorsiening gemaak vir die plasing van 'n serafine-orrel. Toe dit later las van vogtigheid gekry het, is dit aanvanklik een verdieping laer geplaas en later verskuif na die omgewing van die preekstoel.[51]

Die kansel het reg teenoor die hoofingang gestaan. Vier sierlike pylers het die koepelgewelf gesteun waardeur 'n duidelike kruisvorm sigbaar geword het. Aan die hoë dwars= mure was aanvanklik groot, ronde en gekleurde rosetrame aan= gebring, wat 'n prettige en fraai indruk gegee het. Die rosetrame is in 1904 verwyder toe die kerkgebou uitgebou en van galerye voorsien is. Kerkbanke is in die begin net in 'n gedeelte van die kerkruimte geplaas, terwyl 'n ruimte oop= gelaat is vir die plasing van stoele. Die tipiese regop= staande kerkbanke van destyds was in 1961 nog te sien aan die kante van die kerkruimte.[52]

ix. <u>Verbouing van die Wierda-kerkgebou</u>

As gevolg van die vermeerdering van die lidmatetal, enersyds deur die ineensmelting in 1893 van die Christelijk

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gereformeerde Gemeente Baarn met sy middelpunt aan die Ouden Utrechtsenweg, en die Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Baarn - 'n gemeente van die sg. Dolerendes - met sy middel= punt aan die Eemnesserweg, en andersyds deur 'n aanwas deur vestiging en geboorte, is in Augustus 1903 aan die kerkraad gerapporteer dat daar nie voorsien kon word in die aanvraag vir 105 sitplekke nie. Die enigste uitweg was om tot ver= bouing van die bestaande kerkgebou oor te gaan. Die ontwerp van argitek Tjeerd Kuipers, van Amsterdam, is in Februarie 1904 deur die kerkraad aanvaar. Daardeur sou die oud-Griekse kruisvorm verbreek en die mooi vorm van die oorspronk= like kerkgebou deur die uitbouing van die twee syvleuels prysgegee word. Die bouwerk het op 6 Junie 1904 'n aanvang geneem en die vergrote kerkgebou, waarvan die koste ongeveer 10 000,- gulden beloop het, kon op Sondag, 30 Oktober van dieselfde jaar in gebruik geneem word. By dié geleentheid is die argitek bedank vir die „nette, doeltreffende en schoone uitkomst van het geheel".

Tien jaar later het daar opnuut behoefte aan meer ruimte ontstaan en in die kerkraadsvergadering van 29 Junie 1914, is na langdurige besprekings besluit om 'n galery sonder orrel te bou en die orrel bokant die preekstoel te plaas. Die projek van die tweede verbouing is uitgevoer deur die bou-aannemer, P. van Ommen vir 6 250,- gulden, volgens die ontwerp van argitek H. Onvlee.[53]

6. DIE ONTWERP VAN 'N KERKGEBOU VIR DIE OUD-GEREFORMEERDE GEMEENTE EMLICHHEIM IN DIE GRAAFSKAP BENTHEIM, 1882

Toe Sytze Wierda op 2 Junie 1882 in sy brief aan die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek verwys het na „de Kerken die ik (voor onze Christelijk Gereformeerde Gemeenten) bouwden", het hy, onder andere, melding gemaak van „een te Emblichheim (sic) in het Graafschap Bentheim, de laatste thans nog in aanbouw."[54] Dit is merkwaardig dat in die brief waarin hy sy dienste aanbied aan die regering van 'n stamverwante volk aan die Suidpunt van Afrika, en wat in 1887 tot sy emigrasie sou lei, hy ook verwys na die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oprigting van 'n kerkgebou volgens sy ontwerp vir geloofs=genote buite die grense van sy vaderland wat juis op daardie tydstip in aanbou was. In die een geval het hy sy oë gerig na Duitse gebied in die noordooste en in die ander geval na 'n Hollands-Afrikaanse gebied in die verre Suide, terwyl die vermelding van albei in 'n sekere sin 'n vooraf=skaduwing was van die lewensverandering wat binne enkele jare by die argitek en sy gesin sou intree. Sy lewenswerk in Nederland sover dit in die eerste helfte van die tagtiger=jare aangegaan het, was in 1882 besig om na sy afsluiting te beweeg.

i. <u>Die stigting van 'n gemeente van die Oud-Gereformeerde Kerk in Bentheim</u>

Die kerkraadsnotule van die Emlichheim-gemeente begin vanaf 1850 en op grond daarvan kan die afleiding gemaak word dat dié gemeente van die Oud-Gereformeerde Kerk teen die einde van 1849 of vroeg in 1850 gestig is. Dit is nie bekend hoe groot die lidmatetal van dié gemeente in sy stig=tingsjaar was nie. Teen die einde van die eeu was die gemeente te Emlichheim - ook eertyds bekend as Emlenkamp - egter beskrywe as die „grootste en bloeienste gemeente van al de gemeentes in geheel de Oud-Gereformeerde Kerk."[55]

ii. <u>Ds. Henricus Beuker en die oprigting van 'n kerkgebou te Emlichheim</u>

Die persoon wat regstreeks daarvoor verantwoordelik was dat Sytze Wierda in 1882 'n kerkgebou vir die bloeiende Oud-Gereformeerde Gemeente te Emlichheim ontwerp het, was ds. Henricus Beuker. Hy is op 4 Junie 1834 te Volzel in die graafskap Bentheim gebore en na sy studie aan die „Theolo=gisch School" te Kampen, is hy in 1862 toegelaat as „candidaat tot den dienst des Woords". Van toe af het hy agtereenvol=gens as predikant van die Christelijk Gereformeerde Kerk in die gemeentes Zwolle - as opvolger van ds. Durk Postma wat in 1857 na die Zuid-Afrikaansche Republiek vertrek en in Februarie 1859 die stigter van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika geword het - Rotterdam, Giessendam, Harlingen en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Amsterdam gearbei. In die Christelijk Gereformeerde Gemeente Amsterdam het ds. Beuker vanaf 5 November 1873 tot 29 September 1881 gearbei. Hy was 'n ywerige voorvegter vir bevordering van die inwendige sending, 'n saak waarvoor die lidmate van die Christelijk Gereformeerde Kerk in daardie jare 'n lewendige belangstelling getoon het. Een van die vrugte van die inwendige sending in die Amsterdamse gemeente was die totstandkoming van 'n skool in Plantage Doklaan waarvan die opening op 24 Mei 1875 plaasgevind het en wat as 'n tweede evangelisasiepos in die gemeente beskou is.

In sy hoedanigheid as voorsitter van die skoolkommissie en lid van die kerkraad, het ds. Beuker in Januarie 1874 te doene gekry met die verbouing van die Plantage-kerkgebou van die Christelijk Gereformeerde Gemeente Amsterdam in Plantage Doklaan tot 'n tweede skoolgebou. Op die kerkraads=vergadering op 16 Januarie 1874 is 'n ontwerp deur Sytze Wierda, destyds „Opzichter le Klasse" by die aanleg van die staatspoorweë, vir die voorgenome verbouing voorgelê. Die ontwerp is goedgekeur en die verbouing is vervolgens uitge=voer volgens die ontwerp deur Wierda, wie se advies en hulp later in dieselfde jaar ook nog vir 'n verdere inwendige verbouing van dieselfde gebou ingeroep is.[56]

Sodoende het ds. Beuker vir die eerste keer of by hernuwing kennis gemaak met argitek Wierda.[57] Hy was veral beïndruk deur die kerkgebou wat Wierda in 1873 vir die Zaandamse gemeente ontwerp het en wat op 16 Februarie 1875 by wyse van 'n treffende inwydingsrede deur ds. Lindeboom ingewy is. Nadat die vergaderde skare van lidmate en be=langstellendes Ps. 105:5 gesing het, het ds. Beuker na ds. Lindeboom opgetree „om een woord van gelukwens en opwekking tot de gemeente, haar opzieners en vele vrienden te spreken."[58] Terwyl ds. Beuker reeds vanaf 1873 kennis gedra het van die feit dat Wierda as die argitek van die nuwe Zaandamse kerk=gebou aangewys is, het hy by geleentheid van die inwyding van die kerkgebou met waardering kennis gemaak met die voltooide kerkgebou en ook bewus geword van die waardering

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat die kerkraad, gemeentelede en die inwoners van Zaandam gehad en betuig het vir die werk van Wierda as ontwerper van kerkgeboue.

Met sy indienstreding in die Oud-Gereformeerde Gemeente te Emlichheim in die laaste kwartaal van 1881, het ds. Beuker en sy kerkraad spoedig aandag gegee aan die oprigting van 'n kerkgebou te Emlichheim. Vir dié doel het hy vroeg in 1882 die hulp ingeroep van Sytze Wierda, wat op daardie stadium reeds vanaf 1875 hoofopsigter by die aanleg van die staatspoorweg in Amsterdam was. In die loop van die eerste kwartaal van 1882 het Wierda per spoor gereis oor Hengelo tot in Bentheim en vandaar met 'n ander geleentheid tot in Emlichheim, blykbaar met die doel om samesprekings te voer met ds. Beuker en sy kerkraad oor die ontwerp van 'n kerkgebou en om 'n opname van die bouterrein te maak. Uit briewe wat Sytze Wierda en sy eggenote in die loop van 1882 aan hul familielede in Friesland geskrywe het, kan afgelei word dat ds. Beuker voorkeur aan Wierda gegee het om as argitek vir sy nuwe kerkgebou in Emlichheim op te tree. Nadat haar man vroeg in 1882 na Emlichheim vir samesprekings was, skrywe sy oor sy werk as hoofopsigter by die bou van die „Centraal Station" en as argitek van 'n groot herehuis, en verwys verder na „een Kerk in Duitsland voor een Doomeni die hier gewoont heeft en nu een nieuwe Kerk daar moest hebben - nu wou hy Wierda als Arietekt hebben....", terwyl Wierda geskrywe het: „Er staat een Domeny of zoo als ze daar (in Bentheim) zeggen pastor die by ons in Amsterdam gestaan heeft, vandaar dat hy kennis van my had...."

Die ontwerp van die kerkgebou en die oprigting daarvan in die loop van 1882 het meegebring dat Wierda „zoo nu en dan een mooi reisje" van Amsterdam na Emlichheim moes onderneem, op 'n keer in Augustus 1882 vergesel van sy dogter, Pietertje, wat uitgenooi was om vir 'n tyd lank by die dogter van ds. Beuker te gaan kuier. Vroeg in Mei 1882 het hy verwys na 'n onlangse reis na Emlichheim en dié reis kon in verband gestaan het met die aanbesteding van die nuwe kerkgebou, wat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op daardie tydstip reeds aanbestee was. Hoever daar met die bou van die kerkgebou in Augustus 1882 gevorder is, kan nie met sekerheid gesê word nie. Die bou was blykbaar op daardie stadium nog nie afgehandel nie en het Wierda op 21 Augustus, vergesel van sy dogter, Pietertje, weer 'n keer Emlichheim besoek.[59] Oor die bougeskiedenis kan op hierdie stadium feitlik niks meegedeel word nie, veral sover dit die voltooiing, inwyding en verdere geskiedenis van die kerkgebou aangaan.

Nadat daar op 'n brief wat in Februarie 1968 aan die Burgemeester van Emlichheim oor inligting in verband met die geskiedenis van die kerkgebou geskrywe is, geen antwoord ontvang is nie, is 'n afskrif van die brief met enkele aan= vullende inligting deur die Duitse Ambassade in Pretoria aan die „Director of Emlichheim Municipality" gestuur en sy same= werking in hierdie verband gevra. Op 8 Julie 1971 is 'n brief deur die Duitse Ambassade geskrywe waarin die volgende inligting verstrek is: „We have been informed that the church, as built in 1882, does no longer exist. The church had to undergo extensive alterations in 1925 and its old form is no longer recognizable. Amongst other things, the originally (sic) flat roof has been replaced by a very steep one, the nave has been lengthened by approx. 10 meters, and the tower has been raised. We have further been informed that neither the church nor the municipality have any documents concer= ning the building of the original church. Correspondence between architect and Pastor H. Beuker does also not exist."[60]

Aangesien die brief van die Duitse Ambassade verwys na die vervanging van die „originally flat roof" deur „a very steep one" in 1925, bestaan daar 'n mate van twyfel of die inligting van die Direkteur van die Emlichheimse Munisipali= teit betrekking het op die kerkgebou wat deur Wierda in 1882 ontwerp is en waarin ds. Beuker en ander predikante, wat hom na sy vertrek na Leiden (Hooigracht), opgevolg het, Woord en Sakramente bedien het. Wanneer die dak van die kerkgebou op die plan van Wierda beskou word, is dit moeilik om te begryp dat dit as „flat" beskrywe kan word. Tot tyd

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en wyl dit uit ander beskikbare bronne bewys kan word dat die kommentaar en inligting van die Direkteur van die Emlichheimse Munisipaliteit op 'n ander kerkgebou betrekking het en nie op dié een wat in 1882 volgens die Wierda-ontwerp opgerig is nie, moet die inligting wat in die brief van die Direkteur vervat is, egter as korrek aanvaar word.

## 7. DIE ONTWERP VAN 'N KERKGEBOU, PASTORIE, KONSISTORIE, „MILITAIR TEHUIS" EN „BOVENWONING" VIR DIE CHRISTELIJK GEREFORMEERDE GEMEENTE 'S-HERTOGENBOSCH, 1886

### i. Agtergrond en bougeskiedenis

Oor die agtergrond en bougeskiedenis van die laaste kerkgebou wat Sytze Wierda in Nederland ontwerp het, kon min gegewens opgespoor word ten spyte van 'n persoonlike besoek aan 's-Hertogenbosch in Julie 1961 en 'n poging daarna tot die verkryging van inligting deur middel van briefwisseling.[62]

Nadat daar in Januarie 1886 deur die kerkraad van die Christelijk Gereformeerde Gemeente te 's-Hertogenbosch be=sluit is om 'n kerkgebou, 'n konsistorie, militêre tehuis, kosterswoning en 'n nasaan-geleë dubbelverdieping pastorie op te rig, is oproepe in dieselfde maand in koerante en tydskrifte gepubliseer waarin geldelike steun van geloofsgenote elders in Nederland gevra is vir die oprigting van 'n nuwe kerkgebou.[63]

Toe daar op 19 Desember 1886 in die oggend vir die laaste keer nagmaal in hul „oud Kerkje" gevier en by geleent=heid van die aanddiens afskeid van die kerkgeboutjie geneem is, het baie lidmate dit nietemin met 'n weemoedige hart gedoen. „Daar was", volgens 'n destydse koerantberig, „zoo=wel in den tijd, toen Gods Woord er gelezen werd, als toen de gemeente de prediking des Woords genieten mocht, menige ver=kwikking en versterking door de Heere aan de Zijnen bereid. Doch, wie het gebouwtje kende, wist, dat het bouwen eener nieuwe Kerk geen weelde mocht heeten."[64]

Die bouplanne is in Maart 1886 deur Sytze Wierda vol=tooi[65] en op 25 Desember van dieselfde jaar kon die kerkgebou

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



met die aangrensende pastorie, konsistorie, militêre tehuis en kosterswoning ingewy word. By geleentheid van die plegtige ingebruikneming van die nuwe kerkgebou op 25 en 26 Desember 1886, het ds. Van der Linden, die plaaslike predikant, twee keer voor die gemeente opgetree en Haggai 2:7-10 en Luk. 1:46, 47 as tekste vir sy prediking gebruik, terwyl prof. Helenius de Cock, na aanleiding van Luk. 2:13, 14 en Luk. 2:17, 18, en prof. Lindeboom, na aanleiding van Luk. 2:10b ook eredienste gelei het. Die slotwoord is op 26 Desember deur prof. Lindeboom gespreek.

Die nuwe kerkgebou en die langsaan-geleë dubbelverdieping pastorie is opgerig teenoor 'n plein en te midde van 'n ry deftige woonhuise. Die vooraansig van die kerkgebou het na voltooiing die aandag van verbygangers getrek en met die aangrensende netjiese pastorie het die twee gemeentelike geboue 'n mooi geheelindruk gevorm. In die voorgewel bo= kant die hoofingang was 'n ovaal steen aangebring waarop in vergulde letters 'n gedeelte van Rom. 1:16b gelees kon word, naamlik, „Het Evangelie van Christus is een kracht Gods tot Zaligheid, een eigelijk die glooft."

Die inwendige van die kerkgebou is gekenmerk deur sy netjiese en doelmatige inrigting, terwyl die flink ruimte wat deur die argitek geskep is, dadelik die aandag getrek het. Aan weerskante van die preekstoel is 'n deur, waarvan een na die „Militair Tehuis" en die ander na die konsistorie gelei het, ontwerp. Wanneer daar by geleenthede 'n groot aantal militêre lotelinge teenwoordig was, kon die deur wat die twee vertrekke normaalweg van mekaar geskei het, oopgeskuiwe en tot een vertrek gemaak word. Bokant die twee laasge= noemde vertrekke is 'n baie geskikte woning vir die koster voorsien. „Wie het geheel van Kerk en pastorie, Militair Tehuis, consistorie en bovenwoning in ogenschouw neemt", was die mening van 'n beriggewer na die inwyding in Desember 1886, „brengt hulde aan de architect, den heer Wierda, van Amsterdam, die als een wijs bouwmeester, dit keurig plan heeft ontworpen en veel zorg voor de uitvoering heeft gedragen..."[66]